**Woensdag 24 Augustus**

**Skrifgedeelte: Maleagi 3:1-6**
**Fokusgedeelte: Maleagi 3:1b**

## As Hy kom … waar is ons?

Kan dit so aanhou?
… dat onreg so voortwoed?
… dat dit lyk of die onregverdiges die oorhand het?

Nee, en dit is die boodskap van dié profesie, die Here kom weer op die wolke as Regter om dit wat vuil is, skoon te maak.

Die diens aan God het vuil geword. God is al hoe meer uit die godsdiens weggelaat. Daarom moet selfs die Leviete, die tempelpersoneel, teruggeroep word om God weer in hulle godsdiens terug te bring.

- Is God sentraal in ons godsdiens, ons kerkdiens, ons gebede, ons lewe … of gaan dit oor die grote mens?
- Weerspieël ons liefde in woorde en dade die liefde wat God ons gegee het?
- Is ons optrede ’n toonbeeld van wat ons van God ontvang het?
- Is ons hart in ons diens aan die Here?

Elke dag is weer ’n geleentheid om in berou en bekering tot die Here terug te keer. Elke dag word ’n voorbereiding vir Christus se wederkoms.

Die troos is egter dat Hy wat weer as Regter kom, dieselfde Here is wat sy liefde aan ons op Golgota bewys het. Hy verander nie, ook nie in sy liefde nie. Hy dra my tot in sy ewige heerlikheid. Daarom moet ek met my hele lewe ’n dankbaarheidslewe lei.

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)*